



Sedert 1858

**HUIS BRUWER**  
HOSPITAALSTRAAT 15 PAARL

TELEFOON: 021 870 1304  
[bruwer@gimkoshuise.co.za](mailto:bruwer@gimkoshuise.co.za)



HUIS BRUWER

Liewe Ouer en nuwe Huis Bruwer-inwoner

Baie welkom by die Huis Bruwer-familie. Ons sien met groot verwagting uit na u kind se aansluiting by sy/haar nuwe weeklikse tuiste!

Ons wil u graag aanmoedig om aangeleenthede wat u bekommer of wat u opgewonde maak met ons te deel. Kom sien of skakel ons gerus.

Die groei van u kind tot 'n selfstandige en standvastige jong volwassene is vir ons, as koshuisouers, van groot belang. Tesame met Paarl Gimnasium se waardes, bou ons karakter met Huis Bruwer se fokus-waardes: integriteit en stiptelikheid.

Hieronder is enkele punte van belang asook die daaglikse roetine sodat die nuwe aanpassing glad sal verloop. Die Huis Bruwer-boekie met alle reëlins word ook later uitgestuur sodat u dit saam met u kind kan bestudeer.

## Wasgoednommers

Alle nuwe koshuisleerders se wasgoednommers is op die webtuiste beskikbaar. Wasgoedreëlins en -vorme word ook hier gegee.

[Kliek](#) hier om die skakel te volg.

# Benodighede

Hieronder volg 'n aanduiding van wat die koshuisleerder benodig.

<b>Beddegoed &amp; Kamertoerusting</b>	<b>Medikasie</b>
<ul style="list-style-type: none"><li>• Paslaken</li><li>• Duvetoortreksel</li><li>• Duvet</li><li>• Kussingslope</li><li>• Kussings</li><li>• Winter – ekstra warm kombes en warmwatersak</li><li>• 2 Handdoeke</li><li>• Toiletsakkie met toiletware</li><li>• Waaiër</li><li>• Bedlampie</li><li>• Slotte</li></ul>	<p>'n Houer met die volgende items is baie handig:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• iets vir naarheid/braking</li><li>• pyn/koors</li><li>• ligte verkoue</li><li>• diarree</li><li>• sinus</li><li>• hooikoors (anti-histamien)</li><li>• pakkie pleisters</li><li>• bactroban salf</li><li>• ontsmettingsmiddel</li><li>• watte</li></ul>
<p><b>Eetgerei</b></p> <p>Hierdie is vir wanneer hul vir hulself koffie/tee of ietsie te ete wil maak.</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• beker</li><li>• mes</li><li>• vurk</li><li>• bordjie</li><li>• lepel</li><li>• teelepel</li></ul>	<p>Ons, as koshuispersoneel, mag geen medikasie verskaf nie. Meisies/seuns moet ook daarop let dat die oor en weer gebruik van medikasie tussen leerders TOTAAL afgekeur word in opdrag van die WKOD en in ooreenstemming met die <i>Wet op Veiligheid en Gesondheid</i> en die <i>Wet op die Verspreiding van Medikasie</i>.</p>



# Daaglikse roetine

Dit is belangrik dat u en u kind hierdie roetine sal deurwerk om 'n ge-oliede eerste dag en week te vergemaklik.

Klok	Aksie	Klok	Aksie
<b>Maandag tot Vrydag</b>		<b>Naweek</b>	
		<b>Vrydag</b>	
06:00	Opstaan	14:20	Middagete
06:30	Stilte	14:45- 15:45	Defensie in studiesaal
06:40	Ontbyt	17:45	Aandete
07:10	Almal uit koshuis	22:00	Ligte uit
		<b>Saterdag</b>	
14:20	Middagete	07:40	Opstaan
15:00 – 17:00	Stilte & studietyd of sportoefening	08:00	Ontbyt (Sportdae aangepas)
18:30	Aandete	13:15	Middagete
19:10 - 20:00	Studie 1	17:45	Aandete
20:00	Studiebreuk & Laatete	22:00	Ligte uit
20:20 - 21:10	Studie 2	<b>Sondag</b>	
21:15	Stilte/gedagte vir die dag	07:40	Opstaan
21:45	Ligte uit	08:00	Ontbyt
		09:00	Kerkgangers
<b>Inkomtyd gedurende die week</b>		12:30	Middagete
<b>Sondae</b>	<b>17:00 – 19:00</b>	18:00	Aandete
<b>Maandag</b>	<b>06:00 - 06:40</b>	19:00	Voordeur sluit
		21:30	Ligte uit

Vrede aan elkeen van u gesinslede. Mag hierdie nuwe hoofstuk in julle lewensboek net mooi herinneringe bevat.

Nico Burger

Delene van den Berg

Superintendent: Seuns  
074 716 7598  
[burger@paarlgim.co.za](mailto:burger@paarlgim.co.za)

Superintendent: Dogters  
083 294 8147  
[dberg@paarlgim.co.za](mailto:dberg@paarlgim.co.za)